Kontekstuele Bybellees (KBL)

Saam ontleed ons ons konteks, lees die Bybel en skep 'n heilige ruimte waarbinne ons ekstra hulpbronne ontwikkel om die uitdagings wat ons daagliks konfronteer, te kan hanteer.

Om hierdie doel te kan bereik, gebruik KBL die eenvoudige metode van

KYK * BEOORDEEL * NEEM AKSIE

KYK

Tydens die KYK-gedeelte bespreek die groep die probleme of kontekstuele uitdagings waarmee hulle in hul gemeenskappe gekonfronteer word en bepaal een of twee temas.

Alles word op blaaibordpapier neergeskryf en op die muur geplaas sodat almal dit kan sien en daaroor kan gesels.



Beoordeel

Hier word 'n Bybelteks gekies wat die geïdentifiseerde probleem of tema kan aanspreek. Die teks word gelees en herlees om die teks op 'n nuwe manier te hoor praat.

Ons verbind 'n Bybelteks aan 'n tema en kyk of daar 'n verband tussen ons eie konteks en dié van die Bybel is deur vrae te formuleer.

NEEM AKSIE

Op hierdie stadium sluit ons af deur 'n plan van AKSIE te formuleer. Die groep identifiseer die aksies wat hulle kan neem uit die lesse wat hulle tydens die beoordelingsgedeelte geleer het.

Die aksies is om die huidige konteks te verander om in lyn te wees met die waardes van die koninkryk van God.